

16 April 2020

Aandag: Agri SA-lede

Geagte lede

I/S: NUUTSTE WYSIGINGS AAN REGULASIES SOOS GEPUBLISEER DEUR DIE DEPARTEMENT VAN SAMEWERKENDE REGERING EN TRADISIONELE SAKE - GG NR: 43096

Die Minister, Dr. Dlamini-Zuma het die land vandag toegesprek oor die nuutste wysigings aan die regulasies tydens die verlengde inperking. Sy het benadruk dat, met die uitfasering van die inperking, sekere regulasies verslap sal word. Dit bly egter belangrik om deurgaans maatreëls toe te pas om die verspreiding van Covid-19 te bekamp.

Die gewysigde regulasie het die volgende veranderinge aangebring wat van toepassing is op landbou en die hele waardeketting:

1. Wysiging aan regulasie 8 bepaal dat die vervoer van alkohol, anders as vir die vervaardiging van hand-reinigings- en ontsmettingsmiddels, verbode is. Dit mag problematies wees vir die wynbedryf en is op die oog af in stryd met die vervoer direk wat nou onlangs uitgevaardig is oor die uitvoer van wyn;
2. Regulasie 11B(1)(bb) wat gewysig is om nou uitdruklik voorsiening te maak vir die vervoer van essensiële goedere oor distrik- en provinsiale grense. Agri SA het lank reeds vir hierdie wysiging gevra;
3. Lede moet op die nuwe regulasie 11CA let wat alle uitsettings vir die duur van die inperking verbied;
4. Die lys van essensiële goedere is aangevul met hardeware, komponente en voorrade wat essensiële dienste benodig. Dis ook iets wat ons lede geopper het wat problematies was;
5. Die lys van essensiële dienste is aangevul met nood-herstelwerk en IT dienste vir besighede wat essensiële dienste bedryf;
6. Uitvoer van goed wat reeds in die hawens is moet voortgaan. Dit sal opeenhoping van goedere in die hawens aanspreek;
7. Hardeware- en voertuigkomponent verskaffers moet 'n register hou van kopers wat onderneem dat produkte vir noodsaaklike dienste is;
8. DTI mag dienste as noodsaaklik aanwys waar entiteite noodsaaklik vir internasionale handel is ;
9. Raffinaderie moet teen volle kapasiteit werk om seker te maak daar is genoeg brandstof;
10. Voertuie wat vir noodsaaklike doeleindes gebruik word, mag nood-herstelwerk ondergaan.

Vriendelike groete

Andrea Campher

Ramprisikobestuurder

www.agrisa.co.za

Tel | +27 12 643 3400 **Fax** | +27 12 663 3178 **Email** | agrisa@agrisa.co.za

Physical Address | Inkwazi Building | Block A | 1249 Embankment Road | Zwartkop X7 | Pretoria | South Africa

Postal Address | Private Bag X180 | Centurion | 0046 | South Africa